



## Met die kamera in my hand

Teken in om 'n skakel na blitspos te ontvang

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk [www.nhka.org](http://www.nhka.org)

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

### **Fotografie het my geleer om my akademiese kennis van die algemene openbaring van God op 'n besondere manier prakties te beleef.**

Met betrekking tot die algemene openbaring lees ons in die Nederlandse Geloofsbelydenis dat die skepping vir ons soos die letters in 'n mooi boek is waarin ons die werk van God sien (NGB Art 2). Maar wanneer 'n mens vanuit die kennis van die besondere openbaring in die Bybel met 'n geloofsoog deur 'n kameralens na die algemene openbaring kyk, ontdek jy die wonderwêreld van God se skepping op 'n besondere manier.

Alhoewel ek al die afdelings van fotografie geniet, is my gunstelinggenre makrofotografie. Dit behels die gebruik van 'n spesiale lens waarmee jy baie klein voorwerpe afneem en op 'n skaal groter as lewensgrootte uitbeeld. In leketaal is dit presies soos om na 'n piepklein blommetjie so groot soos jou pinkienael, of na die oog van 'n naaldekokker, deur 'n vergrootglas te kyk. En wanneer 'n mens dit doen, gaan daar 'n fantastiese wonderwêreld vir jou oop wat jy nie met die blote oog kan sien nie.

Wanneer ons aan natuurfotografie dink, dink ons normaalweg aan 'n mooi sonsondergang of aan die "groot vyf". Maar daar is 'n onsigbare wonderwêreld oral om ons, gewoon ook in ons tuine, wat die meeste van die tyd by ons verbygaan. Ons loop byvoorbeeld byna daagliks in ons tuine verby 'n springspinnekoppie of krapspinnenkoppie wat dikwels niks groter is nie as die kop van 'n vuurhoutjie, hoogstens die helfte van jou pinkie se nael. Omdat hulle so klein is, sien ons hulle byna nooit raak nie. En wanneer ons toevallig een raaksien, is dit onmoontlik om enige detail met die blote oog waar te neem. Maar deur die makrolens kry jy onmiddellik toegang tot 'n andersins onsigbare en fantastiese wonderwêreld.


Alhoewel hulle onskadelik is, lyk hulle deur die makrolens regtig monsteragtig en vreesaanjaend. Maar meer as dit, op hierdie skaal van vergroting het elke springspinnekoppie sy eie persoonlikheid. Sommige van hierdie spinnenkoppies lyk selfs asof hulle sonbrilletjies dra. En wanneer jy daardie ogies een keer vir jou deur die makrolens sien loer, sal jy dit nie sommer weer oor jou hart kry om na 'n blikkie Doom te gryp nie. Om in daardie ogies te kyk, is niks minder van 'n wonder nie as om in die oë van 'n groot olifantbul te kyk. Om deur die makrolens te sien hoe 'n bytjie met sy tongtjie water opslurp, gee dieselfde gevoel van opwindning as om in die wildtuin by 'n watergat vir die grootwild te wag om te kom water drink.

Om naas die groot werke van God in die natuur ook hierdie klein weggesteekte juweeltjies te kan sien en daarvoor in verwondering te staan, maak 'n mens nederig voor die grootsheid van God se skepping. Elke foto waarin ek die volmaaktheid van die skepping tot in die fynste detail deur die makrolens kan vasvang en uitbeeld, vervul my opnuut met ontsag vir die Here, die almagtige Skepper.

Elke keer as ek foto's neem en iets nuut in hierdie fantastiese wonderwêreld van makrofotografie raaksien, dink ek aan die woorde van die fotograaf Yann Arthus-Bertrand: *Die wêreld is 'n kunswerk, die fotograaf is hoogstens die getuie daarvan*. Net die feit dat ek oë het om te kan sien en fotografie as 'n stokperdjie te mag beoefen, laat my besef dat ek baie, baie het om voor dankbaar te wees.

\*\*\* Kyk op bladsy 2 vir twee van ds Ayres se foto's.

**Ds Johan Ayres, Germiston**



*Aan My behoort al die wild in die bos,  
die diere op 'n duisend berge.  
Ek ken al die voëls op die berge  
en die insekte van die veld is aan My bekend.  
(Psalm 50:10-11, AFR2020)*

## Lief en leed

- **Die volgende predikante verjaar tot 23 April 2021, en word hartlik geluk gewens:**

- Donderdag 15 April: Ds WH (Wessel) Swart (74) (emeritus)
- Vrydag 16 April: Ds GPJ (Gerhard) Stoltz (47) (Sinodaal)
- Saterdag 17 April: Ds J (Joleen) Marx (31) (beroepafwagting)
- Sondag 18 April: Di JR (Jan) Kramer (66) (emeritus/Elsburg) en JH (Hennie) Engelbrecht (31) (Derdepoot)
- Maandag 19 April : Ds PJ (Pierre) Jacobs sr (61) (Outeniqua)
- Woensdag 21 April : Dr JA (Kobus) van Biljon (76) (emeritus) en ds EJA (Edzard) van Baalen (55) (Parkrand)
- Vrydag 23 April: Di CJH (Casper) Steenkamp (66) (emeritus) en F (Francois) Evert (59) (Declercqville)

## Gemeentes en bediening

- **Gemeente Welgelegen-Pietersburg** benodig die dienste van 'n dinamiese **orrelis**. Bo en behalwe orrelspel tydens eredienste sal ook van die persoon verwag word om 'n wesenlike impak en 'n skeppende bydrae te lewer tot uitbreiding van die gemeente se musiekbediening. Aansoeke, vergesel van 'n verkorte CV, moet gerig word aan die skriba, NHKA Gemeente Welgelegen-Pietersburg, by [george.marais@fineandcountry.com](mailto:george.marais@fineandcountry.com). Oudl George Marais kan gekontak word by 083 300 0554.
- **Vakante werkrumte vir die samewerkende kerke in Harare**. Die NHKA en die NGK in Harare funksioneer sedert 2019 as een gemeente. Dit is 'n tipies stedelike gemeente en bestaan hoofsaaklik uit ouer persone. Daar is ook lidmate wat buite die stedelike gebied woon. Die **vastetermynpas vir drie jaar** kan met wedersydse instemming verleng word. Aansoeke word ingewag van 'n **tweetalige predikant** wat gelegitimeer is in die Hervormde Kerk of die NG Kerk (eredienste word om die beurt in Afrikaans en Engels gelei). Aangesien die skoolopleiding in Zimbabwe geweldig duur is, moet predikante verkieslik nie skoolgaande afhanklikes hê nie.

Die **vergoedingspakket** beloop 'n leefbare inkomste in Zimbabwe, plus gratis verblyf in 'n gemeubeleerde pastorie (insluitende sekuriteit, telefoon, data, water, ligte en 'n bediende) en gratis gebruik van 'n gemeentervoertuig.

**Aansoek** moet vergesel wees van 'n verkorte CV met vermelding van die kontakbesonderhede van twee referente, en moet gestuur word aan [njssteenekamp@gmail.com](mailto:njssteenekamp@gmail.com). Vir meer inligting, kontak die konsulent van die Hervormde Kerk, ds Nicolaas Steenekamp, by 073 279 3315 (RSA); of NHKA oudl Rinus Grau by +263 71 261 1536; of NGK oudl Deon Theron by +263 77 224 6233.


## Beplande vergaderings

- Vrydag 16 April: Moderamen
- Vrydag 23 April: Beleggingskomitee

## Ringsvergaderings 2021

RING	VERGADERPLEK	DATUMS
BLOEMFONTEIN	Vanderkloof	14 en 15 Mei
BOTHAVILLE	<b>Datum moet nog vasgestel word</b>	
BRAKPAN	Zesfontein	9 Mei
BRONKHORSTSPRUIT	Ogies	8 Mei
CHRISSIESMEER	Ermelo	8 Mei om 08:30
DORSLAND	Grootfontein	12 & 13 Maart (elektronies)
GERMISTON	Germiston	13 Junie
HEIDELBERG	<b>Datum moet nog vasgestel word</b>	
HEILBRON	Parys	8 Mei
JOHANNESBURG	Nederlandsprekende Gemeente	13 Maart
KLERKSDORP	Declercqville	16 Mei 12:00
KROKODILRIVIER	Vliegepoort	10 Mei
KRUGERSDORP	Krugersdorp-Wes	29 Mei om 08:00 (elektronies en in persoon)
LAEVELD	Phalaborwa	13 Junie
LOSBERG	Westonaria	12 Junie
LYDENBURG	Komatipoort	5 Junie
MAQUASSI	Ottosdal	13 Junie
MIDDELBURG	Roosenekal	5 Junie
NOORDELIKE NATAL	Newcastle	22 Mei
NOORD-KAAPLAND	Vaalharts	12 Junie
OOS-KAAPLAND	Port Elizabeth	15 Mei
PIETERMARITZBURG	Laer Suidkus	8 Mei om 08:00
POTCHEFSTROOM	Potchefstroom-Suid	9 Mei
POTGIETERSRUS	Welgelegen-Pietersburg	9 Junie
NOORDELIKE PRETORIA		22 Mei
PRETORIA	Wapadrant	16 Mei
PRETORIA-NOORD	Zoom	6 Junie
PRETORIA-OOS	<b>Datum moet nog vasgestel word</b>	
PRETORIA-WES	Swartkop	16 Mei
ROODEPOORT	Horison Roodepoort	6 Junie
RUSTENBURG	Rustenburg-Kloof	25 Mei
SWELLENDAAM	Outeniqua	17 April
TRICHARDTSFONTEIN	Trichardtsfontein	28 Februarie
VEREENIGING	Sonlandpark	15 Mei
WATERBERG	Welgelegen-Pietersburg	9 Junie
WES-KAAPLAND	Kaapstad	29 Mei
ZEERUST	Lichtenburg	15 Mei
ZOUTPANSBERG	Welgelegen-Pietersburg	9 Junie
ZUURFONTEIN	Kempton	20 Mei

## Konteks-Bybelvasvra 2021



- Die Bybelvasvra-komitee het in 2020 gesien dat die elektroniese deelname aan die Bybelvasvra goed gewerk het. Omdat ons nog te midde van 'n pandemie leef en nie weet wat die situasie teen die einde van die jaar sal wees nie, het die Komitee besluit om vir 2021 weer **alle vraestelle elektronies** aan te bied. Die skakel om te registreer vir die Vasvra sal binnekort beskikbaar wees. Hierdie jaar wil ons 'n **Bybelstudieboek van ds Neels van Tonder**, *Die wonderverhale van Elia en Elisa*, met die Bybelvasvra bemark. Die bestek sal bestaan uit **1 Konings 17-19 en 2 Konings 1-6** sowel as die kantaantekeninge in die kolomme aan weerskante van elke Bybelstudieles in die gids.

Die Laerskool-kategorie leer **slegs die Bybeltekste!**

Ons wil deelnemers aanmoedig om nie bloot die teks en die aantekeninge te leer nie, maar om die rykdom van die teks tesame met die inhoud van die Bybelstudieboek te ontdek. ***Kennis begin met die dien van die Here! (Spr 1: 7).*** In alle opsigte word die **Afrikaanse 1983 Bybelvertaling** gebruik om die vraestelle op te stel.

Vir meer inligting, kontak ds Quinten Schimper (voorsitter: Bybelvasvra-komitee) by 076 687 7410 of [quinten.schimper@gmail.com](mailto:quinten.schimper@gmail.com).

Ds Van Tonder se boek kan van hom bestel word by [nvtonder@vodamail.co.za](mailto:nvtonder@vodamail.co.za) of 072 633 3367 teen R130 (plus koerierkoste – hy sal kwoteer).

### 'n Gedig

#### Laatherfs

1

Die dag krimp. Die klok lui stroophelder.  
Die ouspens is boordensvol bottels.  
Vonkend ver val die laaste blare  
in goue stiltes, kry vergete  
boeppense wyn baard in die kelder.  
Die knus kombuis is skepvol skottels  
heuning, room en deeg. Voëls in pare  
verlaat hul neste onder geute.

Die bloed raak dun in die are,  
in die mik verdor die bruin vy.  
Reeds voelbaar winter se venyn,  
die yl musiek van die snare.  
Nou raak ook woorde skaars. Verby  
met liefde, kort seisoen van pyn.

2

(Nuwemaan)

Pynig my hierdie liggende dae,  
blare blakerend teen die koue lug,  
die suiniger geel van suurlemoene.  
Winter sweis my uitgedeelde herfs  
in witter strakker dae vas.  
Die druppel wat te lank  
versuim het aan die kraan  
verys. Die swaels se uittog is verby.  
lets onsigbaars word voltrek.

**Johann de Lange**

(Uit: *Snel grys fantoom*, 1986)

## Toerusting

- **Gemeente Vaalpark**  
**Gratis konferensie oor aftrede en die pad vorentoe**  
**Saterdag 17 April 10:00-13:00**  
hv Opperman - en Prinsbergstraat, Vaalpark

Dr Christo van der Merwe  
*Die emosionele impak van aftrede*

AVBOB  
*Leiding aan seniors/lewenstêer*  
Met gaskunstenaar Matt Stern

Adv Jaco Bothma  
Ons Tuis Monumenttehuise  
*Regsaspekte van aftrede*

Gratis toegang en ete ingesluit  
Navrae: Lisa 083 943 4561  
Riana 083 953 2915

- Eerskomende **Maandag, 19 April**, vind die eerste byeenkoms van die **studiegroep vir Bybeltekste** van **09:30 tot 10:00 by Gemeente Philadelphia** plaas. Ons lees by dié geleentheid die bekende verhaal van God se verbond met Abram in Genesis 15 saam. Ons gaan by die grondteks begin, na verskillende vertalings kyk, en daarna die teks grondig uit verskillende perspektiewe bespreek. Ons nooi alle predikante en Bybelwetenskaplikes om die teks saam met ons te kom lees. Ons wil onder meer graag kyk na verskillende resepsies van die teks, en vra daarom dat elke deelnemer poog om een kommentaar of perspektief op die teks te lees en dit met ons te deel. Belangstellendes kan hul teenwoordigheid vooraf aan dr Wouter van Wyk bevestig by [wouter@nhk.co.za](mailto:wouter@nhk.co.za).

## Allegaartjie

Oor die kreatiewe krag van Afrikaans: “Terwyl Nederland van die ‘lockdown’ praat, het ons met ‘grendeltyd’ en ‘inperking’ na vore gekom en dit word wýd gebruik. Tog het die Nederlanders nou weer die term ‘mondkappie’ geskep, wat wyd gebruik word.” (Dr Willem Botha, hoofredakteur van die WAT, in *Beeld*, 9 April 2021)

## Barmhartigheid

- **VAKATURE: Sekretaresse** by Rata Maatskaplike Dienste. Rata, wat al vir meer as 70 jaar maatskaplike dienste in vier provinsies lewer, benodig tans die dienste van ’n administratiewe persoon by hul Capital Park-kantoor. Die vereistes vir die pos is graad 12, ’n geldige bestuurslisensie en betroubare vervoer na die kantoor, tweetaligheid om aan die spesifieke behoeftes van die kantoor te voldoen, rekenaarvaardigheid en ervaring van boekhou en kleinkasbestuur, en die vermoë om streng vertroulikheid te handhaaf. Stuur aansoeke na [info@rata.org.za](mailto:info@rata.org.za).
- **Eenpersoonwoonstelle** beskikbaar by **Annie Schilz** teen R3 840 per maand (krag uitgesluit). Hierdie woonstelkompleks is geleë in ’n rustige omgewing naby hospitale en dokters. Dit is op dieselfde perseel as Ons Tuis Riviera. Verskeie dienste word gelewer teen billike tariewe. Vir meer inligting, kontak mnr Hennie van der Walt by 012 329 3707.
- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, het twee **tweeslaapkamer-woonregeenhede** beskikbaar by Frans Boshoff: Woonstel 3 teen R485 000 en Woonstel 16 teen R439 000. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 vir meer inligting.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.
- **Seniordal-aftreeoord**  
Kieserstraat 126, Rietondale  
Een enkelwoning te koop teen R510 000  
Een eenslaapkamerwoning te koop teen R515 000  
Een 1½-slaapkamerwoning te koop teen R520 000  
Een tweeslaapkamerwoning te koop teen R560 000  
Een tweeslaapkamerwoning te huur teen R6 500 per maand  
Navrae: Beulah du Plessis by 082 847 9544  
[Seniordalpta@gmail.com](mailto:Seniordalpta@gmail.com)



## Fondsinsamelings

- **Gemeente Oos-Londen: Word 'n affiliaal van Nguni Gifts**  
Verdien 2- tot 7%-kommissie  
Befonds jul gemeente se bediening deur verwysings  
Stuur 'n e-pos of WhatsApp-boodskap om jul gemeente aan te sluit  
[larry@nguni-gifts.co.za](mailto:larry@nguni-gifts.co.za)  
WhatsApp 072 020 8911

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrieff

**Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrieff geplaas word.** (*Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.*) Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za). GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasinge.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit).** Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

## Gebed vir die week

Here, ek bid vir alle eensame mense,  
veral vir hulle wat moet huis toe gaan na 'n leë blyplek.  
Wat aarselend by die deur staan, bang om in te gaan  
na die eensaamheid wat daar wag.  
Mag almal wat met vrees in hulle hart by enige ingang staan  
– soos die Emmausgangers destyds –  
besef dat hulle die lewende Here kan binnenooi.  
En mag hulle dan deur die diepte van u genade ervaar  
dat hulle in hulle alleenheid nooit meer eensaam is nie.  
Dat U as 'n lewende teenwoordigheid by hulle is –  
Een wat hulle harte warm maak,  
al is daar geen mens om mee te praat nie.

**EM Farr**

(Uit: *Die groot gebedeboek*, Piet Naudé 2014)

